

**Sinsoorte: Enkelvoudige en saamgestelde sinne**

**Wat is enkelvoudige sinne?**

'n Enkelvoudige sin bestaan net uit EEN:

- a) onderwerp (wie?) - Dit is die persoon, dier of ding wat die aksie uitvoer.
- b) gesegde (wat doen?) - Dit is die werkwoord (doen/aksie) in die sin.
- c) voorwerp (wat?) bestaan - Dit is wat gedoen word.

**Kom ons kyk na die volgende sin.**

**Die man sien die vis.**

- a) **Wie?**: Die onderwerp in die sin is die "**Die man**"  
(selfstandige naamwoord)
- b) Wat **doen?**: Die gesegde in die sin is "**sien**": Dit is wat ek doen?  
(Werkwoord - doen/aksie)
- c) **Wat?**: Die voorwerp is "**die vis**" - Wat sien ek? **'n Vis**

**Wat is 'n saamgestelde sin?**

**Dit is twee sinne wat saamgevoeg word om een sin te vorm.**

Bv. Die man sien die vis.

Die vis swem in die dam.

**Saamgestelde sin**: Die man sien die vis wat in die dam swem.

**Wat moet ek onthou oor saamgestelde sinne?**

**Saamgestelde sinne het twee gesegdes. (werkwoorde)**

**Byvoorbeeld**:

Pieter skryf lawwe stories. (enkelvoudige sin)

Die stories is snaaks. (enkelvoudige sin)

**Saamgestelde sin**: Pieter skryf lawwe stories wat snaaks is.

Twee gesegdes (werkwoorde): skryf, is

**Verdeel die volgende sinne in hul drie dele (Onderwerp, gesegde en voorwerp)**

1) Die onderwyser skryf op die swartbord.

a) Onderwerp: Wie? \_\_\_\_\_

b) Gesegde: Doen? \_\_\_\_\_

c) Voorwerp: Wat? \_\_\_\_\_

2) Die perd staan in die stal.

a) Onderwerp: Wie? \_\_\_\_\_

b) Gesegde: Doen? \_\_\_\_\_

c) Voorwerp: Wat? \_\_\_\_\_

3) Die polisieman vang die dief.

a) Onderwerp: Wie? \_\_\_\_\_

b) Gesegde: Doen? \_\_\_\_\_

c) Voorwerp: Wat? \_\_\_\_\_

**Soek 'n goeie onderwerp vir elke gesegde en voorwerp in die volgende sinne.**

1) \_\_\_\_\_ sit by die dam en kwaak.

2) \_\_\_\_\_ waai al die hele dag.

3) \_\_\_\_\_ woon op 'n plaas.

4) \_\_\_\_\_ smaak baie lekker.

Japie	Die wind	Die padda	Die koek
-------	----------	-----------	----------

**Soek die woorde in A wat by die woorde in B pas. Skryf die sinne oor in jou werkboek.**

A (Onderwerp)	B (Gesegde en voorwerp)
Die hond	sit op die huis se dak.
Die kinders	kraai elke oggend baie vroeg.
Die haan	luister na mooi musiek.
Die man	speel met die bal.
Die voëls	was sy kar.

**Kom ons oefen om saamgestelde sinne te maak.  
(Kyk dat jou woordorde korrek is.)  
Gebruik die <sup>1</sup>voegwoord "en" om die sinne te verbind.**

1) Ben doen sy huiswerk. Phumla lees 'n boek.

---

---

---

---

---

Skryf die twee werkwoorde in die sin hier neer.

--	--

2) Amahle was die wasgoed. Anita sal dit stryk.

---

---

---

---

---

Skryf die twee werkwoorde in die sin hier neer.

--	--

**Kom ons oefen om saamgestelde sinne te maak.  
(Kyk dat jou woordorde korrek is.)  
Gebruik die voegwoord "want" om die sinne te verbind.**

1) Anel bly in die bed. Sy is siek.

---

---

---

---

---

Skryf die twee werkwoorde in die sin hier neer.

--	--

<sup>1</sup> Voegwoorde (Verbindingswoorde)

2) Andre sit voor die vuur. Dit is koud buite.

---

---

---

---

Skryf die twee werkwoorde in die sin hier neer.

--	--

**Antwoorde:**

1) Die onderwyser skryf op die swartbord.

a) Wie? Die onderwyser

b) Doen? skryf

c) Wat? die swartbord

2) Die perd staan in die stal.

a) Wie? Die perd

b) Doen? staan

c) Wat? die stal

3) Die polisieman vang die dief.

a) Wie? Die polisieman

b) Doen? vang

c) Wat? die dief

**Soek 'n goeie onderwerp vir elke gesegde en voorwerp in die volgende sinne.**

1) Die padda sit by die dam en kwaak.

2) Die wind waai al die hele dag.

3) Japie woon op 'n plaas.

4) Die koek smaak baie lekker.

Japie	Die wind	Die padda	Die koek
-------	----------	-----------	----------

**Soek die woorde in A wat by die woorde in B pas. Skryf die sinne oor in jou werkboek.**

A (Onderwerp)	B (Gesegde en voorwerp)
Die hond	sit op die huis se dak.
Die kinders	kraai elke oggend baie vroeg.
Die haan	luister na mooi musiek.
Die man	speel met die bal.
Die voëls	was sy kar.

Die hond speel met die bal.

Die kinders luister na mooi musiek.

Die haan kraai elke oggend baie vroeg.

Die man was sy kar.

Die voëls sit op die huis se dak.

Kom ons oefen om saamgestelde sinne te maak. (Kyk dat jou woordorde korrek is.)  
Gebruik die voegwoord "en" om die sinne te verbind.

1) Ben doen sy huiswerk. Phumla lees 'n boek.

Ben doen sy huiswerk en Phumla lees 'n boek.

Skryf die twee werkwoorde in die sin hier neer.

doen

lees

2) Amahle was die wasgoed. Anita sal dit stryk.

Amahle was die wasgoed en Anita sal dit stryk.

Skryf die twee werkwoorde in die sin hier neer.

was

stryk

Bespreek die volgende met leerders:

Die woordjie "is, was, wees, gewees het" is werkwoorde.

1. Hy is siek. Hy was siek.
2. Hy is die jongste.
3. Dit was nie hulle nie.
4. Wees getrou!
5. Dit kon hy gewees het.

Kom ons oefen om saamgestelde sinne te maak. (Kyk dat jou woordorde korrek is.)  
Gebruik die voegwoord "want" om die sinne te verbind.

1) Anel bly in die bed. Sy is siek.

Anel bly in die bed, want sy is siek.

Skryf die twee werkwoorde in die sin hier neer.

bly

is

2) Sy sit voor die vuur. Dit is koud buite.

Sy sit voor die vuur, want dit is koud buite.

Skryf die twee werkwoorde in die sin hier neer.

sit

is